STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

*Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.*

29 MAART 2020

# GEMEENTEBULLETIN

EREDIENS

SONDAG 29 MAART

Prediker:

Ds. Callie Visagie.

Tema:
Hoe reageer ek as dit benoud om my raak?

Skrifgedeelte:
Matteus 26

DAGSTUKKE VIR 21 DAE

Terwyl die land vir 21 dae op slot is, sal leraars daagliks 'n geestelike dagstuk op www.stellenberg.co.za plaas. Besoek die tuisblad en kliek op die blokkie: Gedagtes vir elke dag.

## MAATREËLS RAKENDE LANDWYE INPERKING

Na aanleiding van die landwye inperking wat vanaf 26 Maart tot 16 April op Suid-Afrika van toepassing is, is die volgende rakende gemeente-aktiwiteite van toepassing:

- **Eredienste** in die kerkgebou staak, maar dienste sal elke Sondag en ook Paasnaweek met behulp van video-opnames uitgesaai word. Besoek www.stellenberg.co.za om die preek in video-formaat te kyk, of na die klankbaan te luister, of die geskrewe preek te lees. Die beeldmateriaal sal elke Sondagoggend vanaf 08:00 beskikbaar wees.

  Teken gerus in op die Stellenberg-gemeente *YouTube*-kanaal sodat jy 'n kennisgewing ontvang wanneer nuwe materiaal geplaas word.
- **Kerkkantoor** is gesluit.
- **Huisbesoeke:** Leraars kan ongelukkig nie huisbesoeke doen nie, maar is telefonies en per e-pos beskikbaar. Kontak asb. jou leraar indien jy enige vorm van fisiese, of geestelike ondersteuning benodig.
- **Begrafnisse:** Kontak jou leraar persoonlik indien jy 'n begrafnis moet reël. Begrafnisse met minder as 50 persone mag wel voortgaan.
- **Bulletin en korrespondensie:** Die bulletin en ander korrespondensie word steeds weekliks elektronies aan lidmate versprei en sal ook op die webwerf beskikbaar wees. Indien jy nog nie elektroniese kommunikasie ontvang nie, stuur asb. jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za, of as jy verkies om die bulletin op jou selfoon te lees, WhatsApp jou selfoonnommer aan 083 611 4720.

## FEESMARK 2020

Feesmarkaansoeke is nou oop.  Doen gerus aansoek d.m.v. ons aanlyn aansoekproses deur www.stellenberg.co.za te besoek.  Die sluitingsdatum vir aansoeke is  Maandag 20 April 2020.

## EK HET HULP NODIG

Indien jy tydens selfisolasie, of die landswye inperking enige vorm van fisiese hulp benodig, kontak asseblief een van die leraars. Vrywilligers is beskikbaar wat lidmate met die aankoop en aflaai van kruideniersware of medikasie sal ondersteun.

## GEBEDSVERSOEKE

Gee jou gebedsversoeke deur die gemeente se webwerf aan die gebedspan deur.  Besoek die webwerf en kliek op die blokkie op die tuisblad "Ek het hulp nodig". Voltooi dan die elek-troniese vorm vir gebedsversoeke.

## LEKKER DOEN-DINGE VIR DIE JONGSPAN

Ons weet die tuisbly-dae kan lank raak en daarom het tannie Brenda  'n slim plan beraam.  Sy het lekker doen-dinge uiteengesit, waardeur julle ook sommer interessante goed oor die Bybel sal leer. Vra vir Mamma of Pappa om jou te help om die pret-aktiwiteite van die webwerf (www.stellenberg.co.za) af te laai, of laai dit self af.  Op die werbwerf se tuisblad is 'n blokkie "Annibrand Juniors".  Kliek daarop en laai dan die skattejagbladsy af.  Sê vir kleinsus en kleinboet hulle moet dit saam met jou aanpak.  Neem vir ons 'n foto van julle skattejagpret en stuur dit na 083 611 4720.

## HUISGELOOF VIR GESINNE

Gesinne kan weekliks Bybelstudiedagstukkies wat vir huisgodsdiens benut kan word, van die webwerf aflaai.  Besoek www.stellenberg.co.za.  Kliek op die "Annibrand Juniors" -blokkie op die tuisblad.

### EDELWEISS

Dr. Theo Swart sal weeklikse dagtukkies asook kort preke d.m.v. stemboodskappe aan inwoners WhatsApp.  Indien jy graag op die WhatsApp-verspreidingslys wil kom, sodat jy na die stemboodskappe kan luister, WhatsApp jou selfoonnommer aan

083 457 1647.

### FINANSIëLE BYDRAES

Gebruik die SnapScan-toepassing, of maak elektroniese oorbetalings om bydraes tot die kerk se werksaamhede te maak. Hier is die gemeente se skanderingskode.

Bankbesonderhede

ABSA-tjekrekening:

145 058 0011

## LYDENSTYDPROGRAM

- Kyk elke Sondag na die erediens wat via die internet uitgesaai word. Besoek www.stellenberg.co.za, of Stellenberg-gemeente op Facebook om die skakel na die uitsending te kry.
- Werk op jou eie, of saam met jou gesin die Ons glo-Bybelstudiegids deur. Daar is harde kopieë in die deksel van die posbus langs die kerkkantoor se voordeur beskikbaar, of laai die handleiding af by www.stellenberg.co.za.
- Nagmaal op Donderdagaand 9 April word ook via die internet uitgesaai. Ons sal saam in die virtuele ruimte nagmaal gebruik.
- Erediens op Vrydagoggend 10 April word ook uitgesaai.
- Paasdiens met nagmaal op Sondag 12 April word ook uitgesaai.

## BYBELSKOOL

**Hoe is God vandag by ons? Die aartsvaderverhale.**

Die aartsvaderverhale in Genesis 12 - 50 vertel hoe God se nabyheid dié mense en hulle leefwêreld, te midde van korrupsie, familiekrisisse, ekologiese rampe, asook politieke en ekonomiese onsekerheid, geraak het. Kom reis saam met Abraham, Isak en Jakob en ontdek hoe nou verweef God in die werklikheid van ons daaglikse bestaan is.

Ds. Marius Breytenbach sal vanaf Dinsdag 7 April die Bybelskool-aanbiedings d.m.v. video-opnames uitsaai. Kyk gerus weekliks na dié aanbiedings. Besoek www.stellenberg.co.za en selekteer die skakel na Bybelskool op die tuisblad van die webwerf.

## ADVERTENSIES IN SAMARITAAN

Ter ondersteuning van plaaslike besighede bied ons aan besigheidseienaars die geleentheid om hulle dienste en produkte gratis vir die volgende ses maande in die gemeente se Samaritaan-advertensieblad te adverteer. Ons moedig ook lidmate aan om plaaslike en klein besighede te ondersteun as die inperking opgehef wordis. E-pos gerus advertensies na faanblom@yahoo.com.

### LERAARS KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Hanno Ackerman
079 543 5261
hanno@stellenberg.co.za

Ds. Marius Breytenbach
082 376 6053
marius@stellenberg.co.za

Ds. Philipp Dietmann
084 354 0729
pdietmann@gmail.com

Ds. Why Duvenhage
082 570 5931
why@stellenberg.co.za

Ds. René Potgieter
079 893 8104
rene@stellenberg.co.za

Ds. Callie Visagie
072 385 4368
ctvisagie@stellenberg.co.za

Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder van Stellenberg Ondersteuningsentrum
082 854 4530
rudolph@stellenberg.co.za

## DANKBAAR VIR BYDRAES

Ons is opreg dankbaar vir die finansiële bydraes wat ons die afgelope week deur middel van veral die SnapScan-toepassing ontvang het. Ons is terdeë bewus van die finansiële onsekerheid waarin baie landsburgers hulle tans bevind. Dankie dat jy ten spyte van baie onseker omstandighede bereid is om jou vertroue op dié wyse in ons Hemelse Vader te plaas.

## GEBED VIR DIE KORONAVIRUS

Jesus Christus, U het deur dorpe en stede gereis en elke kwaal, virus, kiemdraer en siekte genees.
Op u bevel is die siekes gesond gemaak. Help nou, te midde van die wêreldwye verspreiding van die koronavirus, sodat ons u genesende liefde kan ervaar.
Genees diegene wat siek is met die virus.
Mag hulle hul krag en gesondheid herwin deur mediese sorg van gehalte.
Genees en vertroos diegene wat geliefdes deur die dood verloor . . .
Genees ons van ons vrees, wat verhoed dat ons met ons medelandsburgers saamwerk en bure mekaar help.
Genees ons van ons trots, wat kan veroorsaak dat ons reken ons is onkwesbaar vir 'n siekte wat geen grense ken nie.

Jesus Christus, geneser van almal, bly by ons in hierdie tyd van onsekerheid en hartseer.
Wees by diegene wat aan die virus dood is. Mag hulle in u ewige vrede by U rus.
Ons vra u leiding vir diegene wat die aard en oorsaak van die virus en siekte bestudeer en oplossings vir die verspreiding daarvan probeer vind.
Wees by die gesinne van siekes of diegene wat gesterf het.
Bewaar hulle teen siekte en wanhoop as hulle bekommerd is en treur.
Mag hulle u vrede ken.
Kom tot ons redding, Jesus Christus, dat ons u helende liefde mag ervaar.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. ’n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, ’n besigheids- en lewensafrigter, asook ’n musiekterapeut se dienste word aangebied.

Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar vir noodgevalle by 082 854 4530.

### GEMEENTENUUS

Stuur ’n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of WhatsApp jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die Bulletin en Samaritaan op jou selfoon te ontvang.